

178. Die stemhebbende eksplosiewe is op sigself nie ten volle stemhebbend nie, terwyl by baie sprekers **b**, **d**, **g** selfs oorgaan tot **ɔ**, **ɔ̃**, **ɔ̃** (vgl. § 354).

179. Die stemhebbende eksplosiewe en frikatiwe word op die end voor 'n pouse, versover hulle in die posisie voorkom, *sonder uitsondering* stemloos.¹

180. Wanneer oorgegaan word van 'n pouse, hoe kort ook, op 'n klinker, word elke klinker met hoofklem aan die begin van 'n woord of lettergreep voorafgegaan deur die gutturale eksplosif **ʔ**.

181. Alles en alles bymekaar geneem, is die artikulasiebasis van Afrikaans oorsaak dat die Afrikaanse klanke enigsins dof, minder skerp, minder helder, neutraal klink.

182. Dis opmerklik dat die artikulasiebasis van Afrikaans op elke punt deur ons genoem, feitlik ook die wat in § 176 behandel is, die teenoorgestelde is van die artikulasiebasis van Frans.²

HOOFSTUK IX.

DIE AFRIKAANSE KLINKERS EN TWEETLANKE IN BESONDERHEDE.

183. Standarduitspraak van Afrikaans erken veertien suiwer mondvokale, wat foneties as volg voorgestel word: **i(:)**, **y(:)**, **e:**, **ø:**, **ɛ:**, **ɛ**, **a**, **ɑ:**, **ɔ:**, **ɔ**, **o:**, **u(:)**, **œ(:)** en **ə**.

Hierby kom nog drie, wat egter alleen as beginpunt van 'n tweeklank gebruik word, nl. die eerste element van die diftonge **ei**, **au** en **ou**.

184. Ons sê standarduitspraak, omdat daar gewestelik nogal baie verskille voorkom, soos aangeduie sal word by die afsonderlike bespreking van elke vokaal.

¹ Hierdie eigenaardigheid, wat Afrikaans natuurlik van die moedervorm Nederlands, geërwe het, wil Jespersen op sigself verklaar deur die afwesigheid van woordpare wat verskil in betekenis, maar op die punt in kwessie na, eners klink. Sodanige woordpare is talryk in Engels, bv. **kæb** *cab* x **kæp** *cap*. In tale waar sodanige woordpare bestaan, is dit noodsaaklik, ten einde misverstand te voorkom, om die enigste verskilpunt in ag te neem. Waar sodanige woordpare nie bestaan nie, bestaan die noodsaaklikheid ook nie. (Vgl. Jespersen, *Language*, bl. 283 en *Lehrbuch*¹, § 78 volg.)

² Vgl. Beyer-Passy, *Elementarbuch des gesprochenen Französisch*², §§ 7-8 en veral Beyer, *Französische Phonetik*⁴, §§ 53-58, 'n gedeelte wat ook in die algemeen waardevolle lektuur uitmaak.

185. Die gevalle waar in Afrikaans afgewyk word van die uitspraak van die kardinale klinkers, kan kortliks as volg saamgevat word:—


(1) 'N seker mate van ongespannenheid in die uitspraak laat die vokale wat anders primêr-kardinaal sou wees, sekondêr-kardinaal uitgespreek word en dus binne die kardinale lyne val (vgl. § 171 (i)).

(2) By vokale daal of styg die tong in die rigting van die neutrale stand (vgl. § 110, tek. 5). Hier vind ons dus die rede waarom baie vokale in swak beklemde posiesie oorgaan tot neutrale ə.

(3) Meer as by die tongstand die geval is, kan die ongespannenheid in uitspraak waargeneem word by die lippe. Beide spleetvormige en geronde lippe ondergaan reaksie na die neutrale stand toe. By abnormale vokale is daar minder vastheid in die ronding daarvan as by normale vokale.

(4) Akoesties beskou, word vokale in Afrikaans dus donkerder of swakker in toonkleur, omdat daar die neiging bestaan in die rigting van die toonarm ə.

(5) Organies beskou, is daar minder spierspanning, wat aanleiding gee tot die ontstaan van genasaleerde vokale. Die groot aantal diftonge in Afrikaans is ook 'n gevolg van gebrek aan spierspanning, wat eweneens oorgangsklanke bevorder.



Tek. 6.—Afrikaanse Vokale.

Rooi kolletjies stel voor suiwer vokale.

Rooi ringetjies stel voor beginpunte van diftonge.

Swart kolletjies stel voor kardinale vokale.

186. Gaan 'n mens uit van die foneem-beginsel, kan die orale vokaalstelsel onderverdeel word in twaalf vokaalfoneme, wat bestaan uit die een verneme vokaal (d.i. wat die meeste gebruik word), saam met die ander wat sy plek in sekere klankgroepe inneem. Die vokaalfoneme is *i(:)*, *e:*, *y(:)*, *ø(:)*, *ɜ(:)*, *a*, *a:*, *ɔ:-ɔ*, *o:*, *u:*, *æ(:)*, *ə*. Verdeel 'n mens hulle in akoestiese groepe, kan die getal afgebring word tot ses, nl., die *i-e-y-ø*-groep, (2) die *ɛ:-ɛ*-groep, (3) die *a-a:*-groep, (4) die *ɔ:-ɔ*-groep, (5) die *u-o:*-groep, en (6) die *ə(:)-æ(:)*-groep.

187. By die vokale kan daar heelwat verskil in uitspraak waar te neem wees, want eerstens, is daar meer as een standard van uitspraak en ten tweede, bestaan daar die gewestelike afwykinge.

188. By die bespreking van die afsonderlike vokale sal op die onderlinge verskille gewys word, en in enkele gevalle aan die hand gegee word wat die verkieslikste uitspraak is.

189. So het ons in verband met die dispuut wat daar bestaan oor die uitspraak van woorde soos *boom*, *neus*, *weet*, besluit om so na as moontlik te bly by die moederklank en nie die gewestelike uitsprake as standard aan te neem nie.

190. Waar egter 'n uitspraak algemeen voorkom, soos nasalering, word dit as standarduitspraak beskou.

DIE AFRIKAANSE VOKALE IN BESONDERHEDE.

VOKALE NABY DIE KARDINALE LYN.

191. Soos reeds voorheen gesê (vgl. § 119, noot , en § 171 (i)), het Afrikaans geen eintlike kardinale vokale nie, maar val die vokale effens binne die kardinale lyne, aangesien die uitspraak effe ondergespanne is.

192. Dis opmerklik dat al die vokale wat naby die kardinale lyn val, lank voorkom, met uitsondering van *i* en *u*. Die rede hiervoor is dat, as die vokale lank uitgespreek word, daar meer spierspanning nodig is en daarom het die lang Afrikaanse vokale nie heeltemal ontaard tot gemengde vokale nie, wat min spierspanning nodig het.

1. Die Afrikaanse *i*(:)

193. Die vernaamste lid van die Afrikaanse *i*-foneem word met die volgende organestand uitgespreek:—

(i) *Hoogte van die tong*.—Tussen hoog en middelhoog, maar nader aan hoog.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is*.—Middel van voor. Dit staan, ten opsigte van die hardegehemelte, 'n ietsie meer na agter en heelwat laer as die geval is by kardinale *i*, maar tog voor in die mond.

(iii) *Stand van die lippe*.—Effens gesprei, maar sotesê neutraal. Ons noem *i* die *hoë voorvokaal*.¹

194. In tongstand is die *i*-vokaal heelwat laer in die mond gevorm as die klank wat hiermee ooreenstem in Engels en Nederlands, veral die in Nederlands.

195. Die *i*-vokaal is die begin van die diftong *iu* en is die mikpunt van 'n hele aantal diftonge: *ei*, *ɛi*(:), *ai*(:), *ɔi*(:), *oi*, *ui*.

¹ Die volledige benaming is *ondergespanne, ongeronde, hoë voorvokaal*, maar die eerste twee bepalinge word altoos veronderstel waar nie die teendeel opgemerk word nie.

196. Gewoonlik is die vokaal kort: bv. **mit** *mied*, **məsin** *masien*, **kivici** *kiewietjie*, **famili** *famielie*, **timi** *tiemie*, **nis** *nies*, ens.¹ Wanneer die **i**-vokaal in Afrikaans voor **r** te staan kom, is dit gewoonlik lank: bv. **mi:r** *mier*, **pəpəli:r** *poppelier*, **fi:r** *vier*. Wanneer **i** nie in dieselfde lettergreep as die **r** staan nie, kan dit kort of lank wees: bv. **xi-rəx** *gierig*, maar **di:-rətəyn** *dieretuin*, **nyski-rəx** *nuuskierig*, maar **mi:-rə** *miere*.

Ook waar **x** tussen **i** en 'n ander vokaal gesinkopeer is, word **i** lank, wat genoem word *klankvergoeding*: bv. **spi:l** *speël* (Ndl. **spigəl** *spiegel*), **fli:ə** *vlieë* (naas **fli:x** *vlieg*), **bədri:ər** *bedrieër* (naas **bədrix** *bedrieg*).

197. Waar **i** nie die klem dra nie, het dit 'n neiging om **ə** te word, veroorsaak deur minder gespanne artikulasieorgane: bv. **fəxy:r** *figuur*, **səprəs** *sipres* vir **fixy:r** en **siprəs**.

198. In die W.P. word by baie die suiwer **i**-vokaal of 'n diftong **ii** gehoor waar 'n mens in die binnelande **e:** of beter **iə:** gebruik (vgl. § 202).

199. In die woorde **ivərs** *iewers* of **e:vərs** *ewers*, **mi:rkət** *mierkat* of **me:rkət** *meerkat* wissel **i** en **e:** met mekaar af. Dis oor die hele spraakgebied bekend, maar **me:rkət** veral in die binnelande. Ook word gehoor **kni:** vir **kne:** *knee* en **skri** vir **skre:** *skree*.

2. Die Afrikaanse e:

200. Hierdie vokaal, wat akoesties tot die **i**-groep gereken word maar tot die **e:**-foneem behoort, kan as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong*.—Tussen hoog en middelhoog, maar nader aan middelhoog.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is*.—Middel van tong, teenoor die hardeghemelte; voor in die mond, maar 'n ietsie meer na agter as kardinale **e**.

(iii) *Stand van die lippe*.—'N bietjie meer ope as by **i**, maar tog neutraal. Ons noem **e:** die *middelhoë voorvokaal*.

201. In tongstand is **e:** hoër as die klank wat hieraan beantwoord in Nederlands, maar daar is geen dergelike vokaal in standard-Engels van die suide nie.²

202. In die binnelande word **e:** uitgespreek as 'n diftong **iə:** en in die W.P. gewoonlik as **i** of **ii**. Trouens organies is daar baie min verskil tussen die Afrikaanse **i:** en **e:**. Tog kan elkeen die verskil tussen hierdie vokale baie duidelik waarneem. Dis omdat die laasgenoemde met 'n baie laer toon uitgespreek word as die eerste.

203. In die binnelande waar die vokaal **iə:** uitgespreek word, bestaan daar gewestelik die neiging om die laaste element van die

¹ Die **i**-vokaal van **vil** *wiel* en **sil** *siel* is net so kort as die **i** in bv. **rit** *riet* en maak alleen die indruk van lank deur die vokaalelement van die **i**.

² Vgl. Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, § 216.

tweeklank baie duidelik te artikuleer en gee dit aan die uitspraak 'n sekere swaarheid.

204. Die e-vokaal is in beklemde lettergrepe lank in Afrikaans : bv. *førle:ə verleë*, *xəve:tə gewete*, *kre:f kreef*, *le:po:ə leepoë*, *re:kən reken*, *se:kər seker*, *ve:t weet*, ens. In swakbeklemde lettergrepe kan e kort wees. Die voorbeelde is deurgaans woorde van vreemde oorsprong : *me'la:ts melaats*, *meta'fo:r metafoor*, *predə'kant predikant*, ens.

205. Daar bestaan die neiging om e: te rond tot ø:, i.p.v. te:n *teen*, *spe:l speel*, *se:və sewe* kom die uitspraak tø:n, spø:l en sø:və voor. Vir party sprekers sal die een plat klink en die ander nie, maar tog is dit 'n baie algemene verskynsel in Afrikaans.

206. In sommige gevalle wissel e: en ei met mekaar af : bv. *fle:s vlees* naas *fleis vleis*, *xəme:ntə gemeente* naas *xəmeintə*, *me:nəŋ mening* naas *məinəŋ*, *te:kən teken* naas *teikən teiken*. Tussen die laaste twee is daar ook 'n semantiese verskil¹; *xəmeintə* en *məinəŋ* klink beslis plat, terwyl *fleis* nog meer algemeen is as *fle:s*.

3. Die Afrikaanse ε:

207. Dilid van die ε:-foneem kan organies as volg beskrywe word :—

(i) *Hoogte van die tong*.—Middellaag (eintlik 'n ietsie hoër).

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is*.—Skeiding tussen „voor” en „agter”, teenoor die skeiding tussen die harde- en die sagteghemelte. Dis betreklik voor in die mond.

(iii) *Stand van die lippe*.—Omtrent 'n halfduim vanmekaar (half-ope), maar owerigens neutraal.

ε: is die *middelae voorvokaal*.

208. Die vokaal kan taamlik goed vergelyk word met kardinale ε, met dien verstande dat die Afrikaanse ε: bietjie ondergespanne is. Dit is 'n bietjie hoër as die begin van die Engelse diftong *εə* in *ðεə there* en is heelwat hoër as die Nederlandse vokaal in woorde soos *mēt met* en *zēt zet*.

209. Die ε:-vokaal is die begin van die diftong *εi:*, wat voorkom in woorde soos *hēi* en *hēi:ci bedjie*.

210. Die vokaal is altyd lank : bv. *sε: sê*, *lε: lê* *skε:r skêr*, *blε:r blêr*, *kwε:fo:l kwêvoël*.

211. Die voorbeelde van die vokaal is maar skaars in Afrikaans. Die tweede outeur sê bv. *flε:ri flerrie*, *vε:rt werd*, en *mε:ri merrie*, waar die eerste outeur die kort vokaal ε besig.

212. Ook word ε: aangetref i.p.v. ε (vgl. § 249) by sinkopee van x, waar o.a. in Transvaal g uitgespreek word : bv. *ε:ə êe* teenoor *εqə* (van *εx eg*).

213. Word die ε:-vokaal verkort, dan is die resultaat 'n gemengde vokaal, nl., ε van § 249. Dus behoort ε: en ε tot dieselfde foneem.

¹Teken = Eng. „sign”, teiken = Eng. „target”.

214. 'N mens hoor die woorde **xɛlt** *geld* en **vɛrk** *werk* gewestelik uitgespreek as **xɛ:lt** en **vɛ:rk**, wat enigsins plat klink.

4. Die Afrikaanse a

215. Die vernaamste lid van die a-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong*.—Tussen laag en middellaag in die mond.

(ii) *Deel van tong wat die hoogste is*.—Die skeiding tussen die „voor” en „agter”, teenoor die voor van die sagtegehemelte. Dus omtrent halfweg tussen die voor en die agter van die mond.

(iii) *Stand van die lippe*.—Betreklik ope, maar neutraal. Die Afrikaanse a is 'n lae middelvokaal.

216. Die Afrikaanse a is sowat halfpad tussen kardinale a en ɑ en daarby aanmerklik bo die a-ɑ-lyn. Dit staan nog heelwat dieper in as die Nederlandse a (bv., in **da:ɣə** *dagen*) en veral as die Engelse a, wat die eerste element is van die tweeklank ai (bv. in **laik** *like*).

217. By hierdie vokaal vind ons die beginelement van die diftong ai, wat lank of kort voorkom: bv. **lai**: *laai* en **baie** *baie*. Die omstandigheid dat by die lang diftong die beginvokaal nie a: is nie, vind sy verklaring daarin dat die hoogvoor i die a: na vore trek.

218. Alleen is die vokaal altyd kort: bv. **nastərxał** *nastergal*, **dak** *dak*, **aŋkər** *anker*, **oupa** *oupa*, **blafən** *blafon*, **para** *padda*, ens.

219. Waar die a oorgaan tot a: in woorde soos **xat** *gat*—**xa:tə** *gate*, **fat** *vat*—**fa:tə** *vate*, is dit nie 'n fonetiese verskynsel nie, maar 'n Nederlandse lang vorm wat in Afrikaans behou is: die a:, wat nie in Afrikaans bestaan nie, het oorgegaan tot die bestaande a:.

220. In gevalle soos **artapəl** *artappel* naas **ɛrtapəl** *ertappel*, **rətəŋ** *rotting* naas **rətəŋ**, **kətəŋ** *ketting* naas **kətəŋ**, **fənəx** *vinnig* naas **fənəx**, wissel a in die eerste voorbeeld af met ɛ, in die laaste voorbeelde met ə. Hierdie laaste afwisseling kan verklaar word uit die stand van die organe vir a en ŋ.

221. Die vokale a en ə wissel af met mekaar in **papəli:r** naas **pəpəli:r** *poppelier*, **pəmpun** naas **pəmpun** *pampun*; **pəpəli:r** en **pə(m)pun** is wel die gebruiklikste. Daar is moontlik meer voorbeelde.

222. Eigenaardig is die oorgang van **xat** *gat* tot **xa:t** *gaat* in die spreektaal van die binneland. Dit kan gebeur het as 'n gevolg van betekenis-assosiasie met die liggaamsdeel en 'n daaropvolgende klankdifferensiering, wat versterk geword is deur die meervoudsvorm **xa:tə** *gate*: in die betekenis „liggaamsdeel” is die mv. **xatə**.

223. Gewoon is die oorgang van a tot ə voor die hoofklem: bv. **rə'dsɛs** *radys*, **pə'tro:n** *putroon*, **pə'treɪs** *patrys*.

5. Die Afrikaanse a:

224. Hierdie lid van die a:-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong.*—Heeltemal laag in die mond, feitlik op die a-a-lyn.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is.*—Agter van tong, teenoor voor van sagtegehemelte. Dus word die vokaal betreklik agter in die mond gevorm.

(iii) *Stand van die lippe.*—Betreklik oop, maar neutraal.

Die Afrikaanse a: is 'n lae agtervokaal.

225. Die vokaal word aanmerklik meer vorentoe gevorm as kardinale a en kan goed vergelyk word met die Engelse a: in bv. fa:ðə *father*, maar die Nederlandse a van bv. dax *dag* en bak *bak* word meer agtertoe gevorm.

226. Hierdie vokaal is gewoonlik lank: bv. pa: *pa*, sa:nək *sanik*, tra:n *traan*, ra:fəl *rafel*, kra:k *kraak*, a:rənt *arend*, kar'ba: of kər'ba: *karba*, ens. Aan die ent van woorde of lettergrepe kan die vokaal kort wees, maar dan gaan dit gewoonlik oor tot a: bv. a ne:a *a-nee-a* word a ne:a, oupa *oupa* word oupa, tata—*tatta* word tata.

227. Die lang vokaal a: word verkort tot a in woorde soos lat vir la:t *laat*, asfo:l vir a:sfo:l *aasvoël*, artapəl vir a:rtapəl *artappel*, fəndax vir fənda:x *vandag*. Die vorme met die kort vokaal is stellig die bekendste.

228. Wanneer a: verkort word, gaan dit gewoonlik oor tot a. Dus kan in 'n breë transkripsie a: geskrywe word a:, omdat daar geen voorbeelde in Afrikaans bestaan van enkel-lang a nie en kan 'n mens hulle amper tot dieselfde foneem reken.

6. Die Afrikaanse ɔ:

229. Hierdie lid van die ɔ:-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong.*—Effens laer as middellaag.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is.*—Skeiding tussen „agter” en „voor”, teenoor gedeelte van sagtegehemelte net agter die hardegehemelte, dus agter in die mond.

(iii) *Stand van die lippe.*—Half-ope en ondergerond (by sommige sprekers meer, by ander minder). Daar's geen vooruitsteking van die lippe nie (vgl. § 117, noot).

Die Afrikaanse ɔ: is 'n middellae agtervokaal.

230. In tongstand is die vokaal 'n bietjie laer as kardinale ɔ en is omtrent dieselfde klank as die in Engels sɔ: *saw*.

231. Hierdie vokaal is lank in Afrikaans: bv. mɔ:rə *môre*, sɔ:rə *sôre*, sɔ:ə *sôe*, trɔ:ə *trôe* (mv. van *sog* en *trog*) en xɔ: *gô* („sy *gô* is uit”). In die meeste van genoemde gevalle het die ɔ:-klank ontstaan deurdat ɣ of x intervokalis weggeval het,

met, as vergoeding vir die verlies, verlenging van ɔ tot ɔ: (*klank-vergoeding*). As wisselvorme kom minstens in Transvaal en Vrystaat voor *sɔrgə*, *sɔgə* en *trɔgə*.

232. Dog ɔ: word ook by party sprekers gehoor in woorde soos *snɔ:r snor*, *bɔ:rt bord*, *pɔ:nt* of *pɔ:(n)t pond*, *rɔ:nt rond*, *xrɔ:nt grond*, en ook in *sɔ:rgə sorge* en *bɔ:rgə borge*. By *pond* is ɔ: algemeen, in *pont* is die klinker kort: *pɔnt*. Die verklaring moet o.i. gesoek word in die vokaalkarakter van die *r* en die *n*, en die ongespanne uitspraak van die Afrikaner.

233. Wanneer ɔ: verkort word in Afrikaans, word dit ɔ, wat minder gespanne is (vgl. § 263), maar tot dieselfde foneem behoort. Daarom word die twee vokale deur dieselfde fonetiese teken aangeduie: ɔ kom alleen kort voor in Afrikaans, ɔ: alleen lank.

234. ɔ: is die begin van die lang diftong ɔi:, soos gehoor o.a. in *nɔi: nôi*.

7. Die Afrikaanse o:

235. Hierdie lid van die o:-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong*.—Tussen hoog en middelhoog, maar meer na middelhoog toe.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is*.—Skeiding tussen „voor” en „agter”, teenoor skeiding tussen harde- en sagte-gehemelte. Dit word in die agtergedeelte van die mond uitgespreek.

(iii) *Stand van die lippe*.—Ondergerond (by sommige meer as by ander) en halfgeslote. Daar is geen vooruitsteking van die lippe nie (vgl. § 117, noot).

Die Afrikaanse o: is 'n *middelhoë agtervokaal*.

236. Die o:-vokaal is heelwat hoër in tongstand as kardinale o en derhalwe as die Nederlandse o: in bv. *bo:s boos*. Organies is daar nie veel verskil tussen die o: en die u:-vokale in Afrikaans nie, maar tog kan die verskil duidelik gehoor word, omdat die eersgenoemde vokaal met 'n laer toon uitgespreek word as die eerste.

237. Gewoonlik is die vokaal lank: bv. *klo:f kloof*, *fərsmo:r versmoor*, *dro:ə droë*, *xo:də gode*, *xlo: glo*, *bo: bo*, *o:mbləklək oombliklik*, ens.

Waar o: nie die hoofklem het nie, dikwels vergesel van ver-swakking van betekenis, kan dit oorgaan tot kort o: bv. *modəl model*, *nofələ novelle*, *psixolo'xi psigologie*, *foko'la:də sjokolade*, *or'hā:s oorhands*, *or'e:t ooreet*, ens. Vergelyk ook 'orkant oorkant. Gewoonlik egter gaan o: by woorde van vreemde oorsprong oor tot:—

(i) *u: pru'fe:t profeet*, *mu'fe:r moveer*, *su'sa:ti sosatie*, *ku'sein kosyn*;

(ii) ɔ: *prɔtəs'te:r protesteer*, *prɔtəs'tant protestant*.
o: word ə in *ræseipci rosyntjie*.

238. In die binnelande word hierdie vokaal gewoonlik uitgespreek as 'n diftong *uə:*, waarvan party sprekers die laaste element baie duidelik artikuleer. In die W.P. weer spreek hulle die vokaal meestal ðf as *u* uit, ðf as diftong *uʊ*, mits die vokaal nie voor *r* staan nie.

239. Hierdie vokaal kom as eerste element voor in die diftong *oi:*.

240. In streke waar min opvoeding is en beskawing maar langsaam kom, soos in Grikwaland-Wes, hoor 'n mens dikwels die plat uitspraak *ɔ:* vir *o:*: bv. *lɔ:p, kɔ:p, bɔ:rə* vir *lo:p, ko:p, bo:rə* *loop, koop, bore*. Vergelyk hiermee die vorm *ɔk* ook van die binnelande, naas *uk* van die W.P.

8. Die Afrikaanse *u(:)*

241. Die enigste lid van die *u*-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong*.—Tussen hoog en middelhoog, maar nader by hoog.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is*.—Skeiding tussen „voor” en „agter”, teenoor skeiding tussen harde- en sagte-gehemelte; 'n ietsie meer na vore, as by *o:*.

(iii) *Stand van die lippe*.—Ondergerond (by sommige meer as by ander) en halfgeslote. Daar's geen vooruitsteking van die lippe nie (vgl. § 117, noot).

Die Afrikaanse *u(:)* is 'n *hoë agtervokaal*.

242. Die Afrikaanse vokaal is heelwat laer as die kardinale *u*, derhalwe laer ook as die Nederlandse *u* in bv. *rut roet*, maar dit kom goed ooreen met die Engelse *u* in *fu:d food*.

243. Die vokaal is meestal kort: bv. *xut goed, rut roet, sut soet*, ens. Lank is die vokaal voor *r* en by sinkopee van intervokaliëse *x:*: bv. *bu:r boer, u:rvout oerwoud, snu:r snoer, plu:ə ploë* (naas *plux ploeg*), *fu:ə voeë* (naas *fu:ə voeg*), ens. (vgl. *i:* naas *i*, § 196). Daar waar *u* voor *r* staan, maar nie in dieselfde lettergreep nie, kan *u* kort wees: bv. *u-raŋutaŋ oerangoetang, fu-rəŋ voering, pu-dəŋ poeding* (vgl. § 196).

244. *u* is die beginklank van die diftong *ui* en die entklank van die diftong *iu*.

245. *u* wissel af met die abnormale vokaal *y* in woorde soos *juli Julie, juni Junie* en *spu(x) spoeg* vir *jyli, jyni* en *spy(x)*, waarskynlik omdat *u* en *y* byna dieselfde lipstand het. Die eerste vorm is algemener, maar word teëgewerk deur kultuurinvloed.

246. *u* wissel ook af met *ɔ* in woorde soos *sup soep* naas *sɔp sop, xənux genoeg* naas *xənɔx genog*. *sɔp* is wel die gewoonste.

247. Vir die ontstaan van *u* uit *o:*, kyk § 237.

GEMENGDE VOKALE OF TUSSENVOKALE.

248. Die algemene karaktertrek van gemengde vokale is dat hulle baie ongespanne uitgespreek word: die lipstand is neutraal, die akoestiese indruk min of meer dof. Op die kaart val hulle heeltemal binne die kardinale lyne. Die Afrikaanse kardinale vokale is feitlik almal ondergespanne of sekondêr-kardinaal, dus almal in sekere mate gemeng.

9. Die Afrikaanse ϵ

249. Die vernaamste lid van die ϵ -foneem kan organies as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong*.—Ietsie hoër as middellaag.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is*.—Agterste deel van die „voor”, teenoor die agter van die hardegehemelte; meer na agter as ϵ :. Dis dus 'n voorvokaal.

(iii) *Stand van die lippe*.—Betreklik half-ope en neutraal.

Die Afrikaanse ϵ is 'n *gemengde middellae voorvokaal*.

250. Die ϵ -vokaal is baie hoër en dieper in as die Nederlandse ϵ in *met met*, maar dit kan vergelyk word met die Engelse vokaal in bv. *let let*.

251. Daar ϵ : en ϵ tot dieselfde foneem behoort en ϵ in Afrikaans die kort vorm is van ϵ :, hoewel ϵ : meer kardinaal is, kan dieselfde fonetiese teken gebruik word om die twee klanke aan te dui en word dit ook orals in hierdie werk gedoen.

252. Die ϵ -vokaal is altyd kort: bv. *ɛmər emmer*, *ɛŋkəl enkel*, *vɛkər wekker*, *mɛs mes*, *lɛntə lente*, *nɛ nè*, *dɛ dè*, ens.

253. 'N verskynsel wat baie in Middelnederlands voorkom (soos in die geval van *bringhen* vir Ndl. *brengen*) en ook in die Nederlandse volkstaal, tref ons eweneens aan in Afrikaans, nl. dat ϵ met ə afwissel voor 'n nasaal. Die rede is dit dat, hoewel ϵ meer na vore in die mond uitgespreek word as ə , die twee vokale tog baie eners klink voor 'n nasaal en dus met mekaar afwissel. Die lae inherente toon van die nasaal, werkende in die rigting van toonassimilasie, kan ook die verandering teweegbring het: bv. *svɛm swem* naas *svəm*, *skɛŋk skenk* naas *skəŋk*, *ɛŋəls Engels* naas *əŋəls*, *xɛmər* naas *xəmər gemmer*, ens.

254. In Westelik-Transvaal bestaan daar 'n variant van die ϵ -vokaal, wat tussen kardinale ϵ en Engelse æ kan geplaas word, maar ondergespanne is. Dit herinner aan Ndl. ϵ . Dit word net in twee woorde gehoor, nl. *lɛkər lekker* en *rɛkər rekker*, waarskynlik ontstaan onder invloed van die inisiale *l* en *r* op die kwaliteit van die ϵ -vokaal. In woorde soos *dɛkərdekker* en *vɛkər wekker* word die uitspraak nie gehoor nie.

255. Die ə -vokaal gaan in plat uitspraak oor tot ϵ in woorde soos *niggie*, *distrik*, *gesig* en *prins*, uitgespreek as *nɛxi*, *dəstrɛk*, *xəɛx* en *prɛ:s*. Dieselfde verskynsel is bekend in ouer Nederlands en in die Nederlandse volkstaal.

10. Die Afrikaanse ə

256. Die vernaamste lid van die ə-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong.*—Ietsie hoër as middellaag, die gewone stand in die mond wanneer die persoon nie praat nie, net asemhaal.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is.*—Tong lê horisontaal in die mond, 'n heeltemal neutrale stand. Artikulasie: middel van „voor”, teenoor agterste deel van die hardegehemelte.

(iii) *Stand van die lippe.*—Effens van mekaar; owerigens neutraal.

Die Afrikaanse ə is 'n *middellae neutrale vokaal*.

257. Hierdie vokaal kan goed vergelyk word met die Engelse ə, maar die Nederlandse ə is hoër in tongstand en meestal ietsie gerond (vgl. die Nederlandse vokaalkaart).

258. Alleen in een geval is die vokaal lank in Afrikaans, nl. in və:(ə) *wie*, die meervoud van vəx *wig*. Hier kan die tongstand 'n bietjie verander, nl. hoër gaan, soos ook gebeur in Engels bɜ:d *bird*. Anders is die vokaal altyd kort: bv. pət *pit*, xəmədəldə *gemiddelde*, le:pəl *lepel*, sət *sit*, ens.

259. Omdat die artikulasie van die Hollandse Afrikaner so slap is en die ə met ongespanne organe uitgespreek word, volg dit vanself dat die vokaal baie algemener as enige ander vokaal in Afrikaans sal wees, en dat ander vokale, in swakbeklemde posiesies, sal oorgaan tot die neutrale vokaal. So het die oorspronklike Nederlandse è, bv. in pèk *pik*, hom heeltemal opgelos in ə in Afrikaans. Hier volg 'n paar voorbeelde van vokale wat ə geword het:—

a	—	par'tei	party	>	pər'tei
ɔ	—	stə'fə:si	stoffasie	>	stə'fə:si
o:	—	fə:r'al	vooral	>	fər'al
e:	—	'vane:r	wanneer	>	vanər
y	—	ry'mu:r	rumoer	>	rə'mu:r
i	—	fi'xy:r	figuur	>	fə'xy:r
ei	—	bəiteits	bytyds	>	bətəits

Opmerklik is dit dat ə op sy beurt soms oorgaan tot i by baie Afrikaners. Dit gebeur voor 'n volgende ə, meestal voor die uitgang -əŋ: vir bəle:dəxəŋ *belediging*, ɔntmudəxənt *ontmoediging*, ens., word gehoor bəle:dixəŋ en ɔntmudixənt.

260. In verskillende woorde is ə oorgegaan tot a, gewoonlik voor x in die uitgang -əx *ig*: bv. taxəntax vir taxəntəx *taggentig*, tanta vir tantə *tante*, rəxtax vir rəxtəx *regtig*, fənax vir fənəx *vinnig*, kastax vir kastəx *kastig*, kraxtax vir kraxtəx *kragtig*, maxtax vir maxtəx *magtig*. Daar is heelwat meer voorbeelde, maar, afgesien van wat kan genoem word „nadruks-” of „kragwoorde”, klink a i.p.v. ə meestal plat.¹

¹ Vokaalharmonie kan van invloed gewees het by die ontstaan van a-vorme.

11. Die Afrikaanse ɔ

261. Die vernaamste lid van die ɔ-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong.*—'N ietsie hoër as middellaag.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is.*—Voorste gedeelte van die „agter”, teenoor agter van die hardegehemelte. Die stand is taamlik ver van die u-a-lyn, maar tog nog agter.

(iii) *Stand van die lippe.*—Sotesê neutraal, maar ondergerond en half-ope.

Die Afrikaanse ɔ is 'n *gemengde middellae agtervokaal*.

262. ɔ kan, afgesien van die mate van ronding, vergelyk word met die vokaal in Engels **bat** *but*, maar is ver van die Nederlandse ɔ verwyder, wat meer tiepies gespanne is (vgl. die Nederlandse vokaalkaart).

263. Die vokaal is altyd kort: bv. **ɔkərn**:t *okkerneut*, **hirsɔ** *hierso*, **vɔlk** *wolk*, **kəkəvit** *kokkewiet*, **vɔnər** *wonder*, ens. Wanneer die vokaal lank word, verander hy ook in kwaliteit (vgl. § 233). Daar kan egter maklik een fonetiese teken gebruik word om die twee vokale aan te dui, soos ook deurgaans gedoen word.

264. Dis nie 'n eigenaardigheid van Afrikaans dat die ɔ van **xɔt** *god*, **lɔt** *lot*, **skɔt** (**sko:t**) *skot* in die meervoud oorgaan tot die lang vokaal o: nie: bv. **xo:də** *gode* (teenoor **hɔtnɔtsxɔtə** *hotnotsgotte*), **lo:tə** *lote* (**loi:cis** *lootjies* is meer in gebruik) en **sko:tə** *skote*, want die laaste is uit Nederlands so in Afrikaans gekom.

265. Die afwisseling van ɔ met u in **unər** en **umdrai**: vir **ɔnər** *onder* en **ɔmdrai**: *omdraai* klink baie plat en is sterk af te keur.

266. In enkele gevalle gaan ɔ oor tot die diftong oi:, deur sinkopee van d of t: bv. **xəbɔt** *gebod*—**xəboi:ə** *gebooie* < **xəbo:də**, **slɔt** *slot*—**sloi:ə** *slooie* < **slo:tə**.

267. Die Engelse ʌ-vokaal word ɔ in party leenwoorde in Afrikaans: bv. **trɔk** *trok* < **trʌk** *truck*, **sɔpər** *sopper* < **sʌpə** *supper*, **bɔki** *bokkie* < **bʌɡi** *buggy*, **mɔri** *Murray* < **mʌri** *Murray*.¹

ABNORMALE VOKALE.

268. In die standarduitspraak van Afrikaans hoor 'n mens drie abnormale vokale, nl. y(:), ø: en œ(:). Al drie is meer of min gemeng, die laaste meer as die eerste twee, en in die binnelande gaan ø: oor tot die diftong yə:. Opmerklik is dit dat die abnormale vokale in Afrikaans alleenlik gevorm word in die voorstand, d.w.s. in die posisie van die voorvokale, en nie omgekeerd nie.

¹ Vergelyk hoe naby mekaar die Afrikaanse ɔ en die Engelse ʌ staan op die kaarte. Die Engelse r is natuurlik baie anders as die Afrikaanse: die teken is eintlik ɹ.

12. Die Afrikaanse y(:)

269. Die abnormale lid van die i-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

- (i) *Hoogte van die tong.*—Bietjie laer as vir **i** (vgl. § 193).
- (ii) *Deel van die tong wat die hoogste is.*—Soos vir **i** (vgl. § 193), maar hoogste deel iets meer na agter in die mond.
- (iii) *Stand van die lippe.*—Ondergerond, sonder vooruitsteking (vgl. § 117, noot). Die Afrikaanse y is dus 'n *abnormale hoë voorvokaal*.

270. Die artikulasie is baie slapper en die klank is baie laer as die Nederlandse y.

271. y kan òf lank òf kort wees. Dis alleen voor **r** wat die klank lank voorkom, en dis nie noodwendig die geval wanneer **r** tot 'n ander lettergreep as die y behoort nie: bv. **pəty:r** *portuur*, **my:r** *muur*, **xy:r** *guur*, maar **ky-raŋ** *kurang*, **sy-raŋ** *suring*. In al die ander gevalle is die y kort: bv. **ry** *ru*, **mənyt** *minuut*, **nys nuus**, **ɛkskys** *ekskuus*.

272. Deur baie sprekers word y ontrond tot **i**, wat sterk af te keur is: bv. **fi:r** en **mi:r** vir **fy:r** *vuur* en **my:r** *muur*.

273. Vir die afwisseling van y met **u**, kyk § 245.¹

274. Ook word gehoor y vir **œy** in **dyvəl** vir **dœyvəl** *duiwel*, **dysman** vir **dœysman** *duisman*, soos gekleurdes die witmense noem.

275. Eindelik wissel in 'n paar gevalle y en **ou** met mekaar af, soos in **va:rskou** en **dou** vir **va:rsky** *waarsku* en **dy du**. Vergelyk **nou ɛn dan nou en dan** vir **ny ɛn dan**.

13. Die Afrikaanse ø:

276. Die abnormale lid van die e:-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

- (i) *Hoogte van die tong.*—'N bietjie laer as vir **e**: (vgl. § 200).
- (ii) *Deel van die tong wat die hoogste is.*—Soos vir **e**: (vgl. § 200), maar die hoogste deel is iets meer na agter in die mond.
- (iii) *Stand van die lippe.*—Ondergerond, sonder vooruitsteking (vgl. § 117, noot).

Die Afrikaanse ø: heet dus 'n *abnormale middelhoë voorvokaal*.

277. Die ø:-vokaal is hoër en minder gespanne as die Nederlandse ø: (vgl. die Nederlandse vokaalkaart).

278. Hierdie vokaal is altyd lank: bv. ø:**vəls** *ewwels*, **lø:(ə)nta:l** *leuentaal*, **rø:n** *reun*, **xəkrø:kəl** *gekreukel*, **xø:t** *geut*, ens.

279. Die abnormale ø: staan organies nie ver van die abnormale y nie, maar akoesties is daar wel 'n duidelike verskil, omdat ø: met 'n laer toon uitgespreek word as y.

¹ Sodanige afwisseling kom, volgens Jespersen, ook voor in die Kreools van Mauritius.

280. In die binnelande word die \emptyset : uitgespreek as diftong, nl. as $y\emptyset$:; en by party sprekers is die diftongiese karakter baie duidelik.

281. Ontronding, wat plat is en sterk af te keur, vind ook by hierdie vokaal by baie sprekers plaas, as gevolg van slordige artikulasie: bv. **ne:s** vir **n \emptyset :s** *neus*, **ke:sə** vir **k \emptyset :sə** *keuse* (vgl. § 272).

Omgekeerd, vind die teenoorgestelde ook plaas, nl. wanneer die normale vokaal **e:** abnormaal word: bv. **t \emptyset :ə** vir **te:(ə)** *teë*, **s \emptyset :və** vir **se:və** *sewe*, **sp \emptyset :l** vir **spe:l** *speel*.

282. In vorme soos **\emptyset :nci** en **\emptyset :ynci** *uintjie*, **sl \emptyset :təl** *sleutel* en **sl \emptyset :ytəl** wissel \emptyset : en $\emptyset y$ met mekaar af. Die woorde **p \emptyset :l** *peul* en **p \emptyset :yl** *puil* besit alreeds betekenis-differensiasie.

283. Gewestelik kom **œ** voor vir \emptyset : in woorde soos **nœk** en **jœk** vir **n \emptyset :k** *neuk* en **j \emptyset :k** *jeuk*.

14. Die Afrikaanse \emptyset (:)

284. Die abnormale lid van die Afrikaanse **œ**-foneem kan organies as volg beskrywe word:—

(i) *Hoogte van die tong*.—Ietsie hoër as middellaag.

(ii) *Deel van die tong wat die hoogste is*.—Tong is byna neutraal in die mond; agter van „voor” teenoor die agter van die harde-gehemelte. Dus is dit ’n voorvokaal, maar byna neutraal.

(iii) *Stand van die lippe*.—Ondergerond, sonder vooruitsteking (vgl. § 117, noot).

Die Afrikaanse **œ** is die *abnormale middellae voor-neutrale vokaal*.

285. Die Afrikaanse **œ**-vokaal kan die geronde vorm van **ə** genoem word, met dien verstande dat die organestand by **œ** nie heeltemal neutraal is nie.

286. Gewoonlik is hierdie vokaal kort: bv. **blœs** *blus*, **sœkəl** *sukkel*, **rœxstrəŋ** *rugstring*, **kœrkə** *kurke*. Alleen waar (**x**)g intervokalisies gesinkopeer is, is **œ** lank: bv. **rœ:ə** *rûe*, **brœ:ə** *brûe* van **rœx** *rug* en **brœx** *brug*.

287. Omdat neutrale **ə** so algemeen verbreid is en omdat die ongeronde vorm van **œ** so na daaraan te staan kom, word **œ** gewestelik ontrond in die plat uitspraak van woorde soos **hœlə** *hulle*, **fœləci** *vulletjie*, **vœrəm** *wurm* tot **ə**, nl. **hələ**, **fələci**, **vərəm**.


288. Ook word gehoor \emptyset (:) vir **œ** in woorde soos **r \emptyset (:)xstrəŋ** vir **rœxstrəŋ** *rugstring* en **j \emptyset (:)k** vir **jœk** *juk*. Dit is eweneens plat en sterk af te keur.

DIE AFRIKAANSE DIFTONGE.

289. Die aantal diftonge is ’n kenmerk van die Afrikaans taal. Afrikaans het in die standarduitspraak tien diftonge en vyftien in die gewestelike uitspraak.

290. Al die Afrikaanse diftonge is ^{stygend} ~~dakend~~, vanweë die artikulasie van die Afrikaner. Van die tien standarddiftonge mik sewe na i toe, deurdát i as oorgangsklank baie algemeen is. Van die ander diftonge wat net gewestelik voorkom, nl. *iə*, *uə*, *yə*, *ɪɪ*, *uɪ*, kan 'n mens al dadelik aan die bou sien dat hulle ontstaan het deur ongespanne uitspraak.

291. Ses van die diftonge is wyd in Afrikaans en een, nl. *œy*, is abnormaal. Die uitspraak van die diftonge is oor die algemeen baie onvas, soos in hierdie hoofstuk sal aangetoon word. Een diftong kan soms die plek van 'n ander inneem sonder betekenisverandering: bv. *xoi:* naas *xoi:* *goui* en meer ander voorbeelde, veral in gewestelike spraak.



Tek. 7.—Afrikaanse Diftonge.

Swart kolletjies stel voor kardinale vokale.

Ongebroke pyle stel voor standarddiftonge.

Gebroke pyle stel voor gewestelike diftonge.

Grooi kolletjies stel voor Afrikaanse vokale.

Rooi ringetjies stel voor vokale wat alleen as beginpunte van diftonge voorkom.

Die Diftong *iu(:)* (*eo:*)

292. Die tweeklank *iu:* word op verskillende maniere uitgespreek, waarvan *iu:* en *eo:* seker die algemeenste uitsprake is. Wat die bou betref, begin *iu:* by Afrikaanse *i* en mik na die Afrikaanse *u* toe, terwyl *eo:* by Afr. *e:* begint en na Afr. *o:*, maar dan kort *o*, mik.

293. Die tweeklank *iu* is gewoonlik lank: bv. *spriu:* *spreeu*, *liu:* *leeu*, *skriu:* *skreeu*, *iu:* *eeu*. Dit is kort in 'n paar gevalle: o.a. *niune:dərlans* *Nieunederlands*, *niu-se:lant* *Nieu-Seeland*.

Opm.—Let daarop dit *iu:*, *eo:* *eeu* > *e:v* in *e:vəx ewig* en *e:vəxhəit ewigheid*, soos ook uit die spelling blyk. In *leeuwin* het ons *lō.vən*.

294. Eersis dit aangeneem dat in die diftong **iu**, **eo**: 'n triftong **iou**, **eou**, moet gesien word, dog dit beantwoord nie aan die definisie van 'n triftong¹ nie, aangesien daar nie werklik drie elemente voorkom nie.

295. Die woordjie *skreeu* word op verskillende manier uitgespreek in verskillende spraakgebiede: bv. **skri**., **skre**., **skreo**., **skriu**., **skrou**. Van **liu**., **leo**: *leeu* word as plat vorm gehoor **lou**. Die rede vir die variante uitsprake is die nou verband wat daar tussen **i** en **e**: bestaan.

Die Diftong **ei**

296. Die begin van die diftong is moeilik om presies te bepaal omdat die eerste element op die grens staan tussen gemeng en neutraal. Hoewel die Engelse diftong in bv. **reis** *race* herinner aan Afr. **ei**, is daar tog verskil: die eerste element van die Engelse diftong is 'n tiepe van **e**, die tweede element is 'n baie ongespanne **i**, d.w.s. **i**. Veral die eerste verskil val op. Ons kan die eerste element van die Afrikaanse diftong beskrywe as 'n neutrale middelhoë vokaal en ons duie die klank aan deur die teken **ɛ**. Die laaste element van hierdie diftong is die Afrikaanse **i**.

297. Die tweeklank **ei** is altyd kort: bv. **ɛiskout** *yskoud*, **steisəl** *stysel*, **jœkskɛi** *jukskei*, **ɛiə** *eie*, **streikstɔk** *strykstok*, **leiklɔp** *leiklip*, ens.

298. Vir die afwisseling van **ei** met **e**: vgl. § 206.

299. Die diftong **ei** kom ook voor in diminutiewe van woorde wat op **ənt** of **ət** uitgaan: bv. **vənt**—**vɛiŋci** *windjie*, **lənt**—**leɪŋci** *lintjie*, **pət**—**pɛiŋci** *pitjie*. Dit kan diegene wat betoog dat die tweeklank by **ə** begin, versterk in hulle mening, maar daar vind 'n soort van gedeeltelike assimilasië tussen **ə** en **i** plaas, wat die **ə** na vore en hoër in die mond trek, nl. tot die stand deur ons met **ɛ** aangeduie.

Die Diftong **ɛi(:)**

300. Die eerste element van **ɛi**: is die Afrikaanse **ɛ**: en hierdie vokaal gaan oor na die Afrikaanse **i** toe.

301. Dis die tweeklank wat ons het in die uitroep **hɛi**: *hêi!* en in die morfologiese vokaalverandering by die vorming van diminutiewe van woorde wat op **ɛ + t** of **ɛn + t** eindig. In die laaste geval kan die tweeklank lank of kort wees: bv. **xəbɛt** *gebed*—**xəbɛi** of **xəbɛi:ci** *gebedjie*, **bɛt** *bed*—**bɛi** of **bɛi:ci** *bedjie*, **sərfɛt** *servet*—**sərfɛi** of **sərfɛi:ci** *servetjie*, **prɛnt** *prent*—**prɛiŋci** of **prɛi:ŋci** *prentjie*, **tɛnt** *tent*—**tɛiŋci** of **tɛi:ŋci** *tentjie*. Ons skrywe hierdie **i** as vol klank (vgl. egter §§ 465-469).

¹ By 'n triftong begin die klank by een vokaal en gaan in dieselfde lettergreep en asemstoot oor tot 'n ander vokaal, maar voor dit die vokaal werklik bereik, verander dit van koers en gaan oor na 'n derde vokaal. Daar bestaan maar min triftonge in al die wêreldtale saamgeneem, omdat een van die vokale gewoonlik 'n halfvokaal word.

Die Diftonge ai en ai:

302. Die diftonge **ai** en **ai:** begin nie by die Afrikaanse **a:** nie maar by **a**, omdat in die geval van **ai:** die voorvokaal **i** die **a:** vorentoe getrek het. Van die **a** gaan, soos reeds gesê, die vokaal **a** oor tot **i**.

303. Soos die fonetiese voorstelling aandui, kan die tweeklank kort of lank wees: bv. **tai taai**, **kvai kwaai**, **aitsa aitsa**, **færdrai: verdraai**, **slai: slaai**, **afmai: afmaai**. Ook by dieselfde woord kom die tweeklank lank en kort voor: bv. **kvai** naas **kvai:**, **tai** naas **tai:**.

304. By diminutiewe gaan **a** oor tot **ai** en **a:** tot **ai:** as die grondwoord op **t** of **nt** eindig, voorafgegaan deur genoemde vokale: bv. **frat—fraici vratjie**, **lat—laici latjie**, **lant—lajnci landjie**, **pa:—pai:ci paatjie**, **ra:t—rai:ci raadjie**. Vgl. omtrent die **i**, §§ 465-469.

305. Ook in die meervoud van party substantiewe met sinkopee van intervokale **d** of **t** ontstaan **ai:**: **pat—pai:ə paaie**, **xat—xai:ə gaaie**, **mi:rkæt—mi:rkai:ə mierkaaiie**, **blæt—blai:ə blaaie**.

Die diftong au (ao)

306. Die beginelement van die diftong is regs onder die Afrikaanse **a** en op die **a-a**-lyn; dit gaan na die **u** van bv. **but boet** toe of na die Afrikaanse **o:** toe. Die diftong is beperk tot die twee woorde **xrau (xrao) graou** en **hā:nau (hanao) hanou!** 'N variante uitspraak is **ou** (vgl. § 309) i.p.v. **au**.

Die diftonge ɔi en ɔi

307. Die diftong **ɔi:** begin by die sekondêr-kardinale **ɔ:** van Afrikaans. Die gebruik is beperk tot net 'n paar woorde en dan nog kan die vorme afwissel met **ɔi** en **oi:**: bv. **xɔi: góí**, **xɔi goi** naas **xoi: gooi**, **nɔi: nóí** naas **noi: nooi**, **tɔi:ə̃s tóíngs** naas **tɔiə̃s toiings**.

308. Die kort tweeklank **ɔi** begin by **ɔ**. Dit kom alleen voor by die diminutiewe wat gevorm is van stamme wat uitgaan op **ɔt** of **ɔnt**, toe te skrywe aan assimilasië-werking: **hɔnt—hɔjnci hondjie**, **rɔt—rɔjnci rotjie**, **ɔt—ɔjnci otjie**, **lɔnt—lɔjnci lontjie** (vgl. vir die **i**, § 465.) By sommige sprekers word hierdie **ɔ** vervang deur die van die vorige paragraaf, maar dan kort (vgl. tek. 7).

Die diftong ou

309. Alleen die beginelement van hierdie diftong lewer moeilikheid op. Dis 'n middelhoë ongespanne agtervokaal, wat in die **ou**-diftong 'n oorgang het tot die Afrikaanse **u**. Dit kən goed vergelyk word met die Engelse **ou** in **kould cold**.

310. Dis 'n kort diftong: bv. **oudərdəm ouderdom**, **ouba:s oubaas**, **pous pous**, **afknou afknou**, **lou lou**.

Die diftong oi:

311. Die organestand by die artikulasie van hierdie tweeklank gaan van die Afrikaanse **o**: oor na die Afrikaanse **i**.

312. Die tweeklank is lank : bv. **oi:lam** *oilam*, **oi:t** *ooit*, **xloi:əŋ** *glooiing*, **loi: looi**, **roi:va:tər** *rooiwater*, ens.

313. Vir **oi**: < ɔ, by sinkopee van **t** of **d**, vgl. § 266.

314. In verkleinwoorde afgelei van woorde wat op **o**: + **t** of **o**: + **n(t)** eindig, gaan **o**: oor tot **oi**:, soos in **po:t**—**poi:ci** *pootjie*, **o:nt**—**oi:nci** *oontjie*, **to:n**—**toi:nci** *toontjie*. Vergelyk vir die **i** §§ 465-469.

Die diftong ui(:)

315. Die beginelement van hierdie diftong is die Afrikaanse **u** en dit pyl na **i** toe.

316. Gewoonlik is die diftong kort, maar daar kom wel lang vorme voor : bv. **muitə** en **mui:tə** *moeite*, **fui-** en **fui:təx** *foeitog*, **flui** en **flui: vloei**, **kui** en **kui: koei**. Die lang vorme verskyn net in oop-lettergrepe woorde, omdat hulle ontstaan het uit 'n langsame afloop.

317. In 'n paar gevalle is **ui** ontstaan deur die oorgang van **d(t)** tot **i**, soos **xut** *goed*—**xuiə** *goeie*, **blut** *bloed*—**blui** *bloei*. **ui** van **se:kui** *seekoei* treë op as **u** in **se:kuxat** *seekogat*.

318. Wanneer **u** + **t** en **u** + **n** voorkom aan die ent van 'n selfstandige naamwoord, het die verkleiningsvorm : **ui** + **ci** of **uiŋ** + **ci** bv. **hut** *hoed*—**huici** *hoedjie*, **xut** *goed*—**xuicis** *goedjies*, **ləmun** *lemoen*—**ləmuiŋci** *lemoentjie*.¹ (Vergelyk oor die **i**, §§ 465-469.)

Die diftong œy(:)

319. Daar **œy** n volkome abnormale diftong is, beide wat betref die eerste en die tweede element, is dit moeilik om te lokaliseer. Die eerste element is die Afrikaanse **œ**-vokaal en die laaste die abnormale **y** van 'n woordjie soos **nys** *nuus*. Gedurende die artikulasie van die hele diftong is daar sekere mate van liprondding.

320. Die tweeklank **œy** is gewoonlik kort, maar die lang vorm kan gehoor word : bv. **klœyt** *kluit*, **fœyk** *fuik*, **lœy:** naas **lœy lui**, **strœykəl** *struikel*, **fərbœy** *verbrui*.

321. As die selfstandige naamwoord op **œt** of **œnt** eindig, word by die diminutief die vokaal gediftongeer : bv. **pœt** *put*—**pœyci** *putjie*, **pœnt** *punt*—**pœyŋci** *puntjie*, **mœt** *mud*—**mœyci** *mudjie*. Ten gevolge van die ronding van **œ** het ons hier **y** en nie **i** voor **-ci** nie (vgl. §§ 465-469).


¹In al die gevalle waar die vokaal + **t**, **n** of **nt** oorgaan tot 'n diftong, of 'n diftong gevolg deur **p** + **ci**, in diminutiewe, n diftong wat in elk geval na **i** pyl, moet ons veronderstel en kan ons aanneem dat behalwe assimilasië, die wet van vokaal-harmonie die verandering veroorsaak het. Vokaal-harmonie veroorsaak die gelykmaking van een vokaal aan 'n ander.

322. Vir die afwisseling van \emptyset : met œy (vgl. § 282).

323. Deur baie word œy ontrond tot die sterk af te keure uitspraak ei , omdat dit makliker is om 'n normale as 'n abnormale tweeklank uit te spreek: bv. *fiéis* vir *fiœys huis*, *teïn* vir *toeyn tuin*.

NASALERING EN GENASALEERDE VOKALE EN DIFTONGE.

324. Nasalering van vokale en diftonge is nie 'n kenmerkende verskynsel van Afrikaans en Frans alleen nie. C. van Haeringen sê die volgende daarvan¹: „Hoe minder beschaving, hoe sterker,



Tek. 8.—Verandering in stand van sagteghemelte by nasalering.

hoever geëwener bereidwilligheid tot toegeven aan spesifiek-nederlandse neigingen. Aan algemene fisiologiese neigingen, is men hier en daar geneigd te zeggen. Of zou het verloop van vocaal + nasale konsonant + dentale spirant tot genasaleerde vocaal (vaak met verlenging van de vocaal) + spirant, niet met recht die naam kunnen dragen? Herinnert een uitspraak *xā:s gans*, *mē:s mens* niet onmiddellik aan klankovergangen uit het oudste Germaans, uit het Vulgair-latijn en andere talen en tijden? Een zeer verbreide eigenaardigheid is het in elk geval van de volkstaal over het hele Nederlandse gebied.” En so ook vind ons nasalering in die volkstaal sowel van Engeland as Duitsland, en in die inboorlingtale in Suid-Afrika.

325. Nasalering is 'n soort van assimilasie, waar, soos die plaat aandui, die sagteghemelte afhang en die lug vry deur beide mond- en neusholte stroom, en die alweolêre nasaal heeltemaal verdwyn, deur die wet van arbeidsbesparing. Die Afrikaner kan dus nasalering van vokale beide uit Nederlands en Frans oorgeërf het, of, soos sommige beweer, uit Portugees, of dit kan onbeïnvloed ontstaan het deur slapper uitspraak.

¹ *Nieuwe Taalgids*, XXIII, bl. 75-76.

326. Voor 'n nasaal word in Afrikaans alle vokale in 'n seker mate genasaleer, soos ook by 'n kimograaftoets blyk, dog die mate van nasalering verskil by individuele sprekers en in baie gevalle kan 'n mens die nasalering nie van die daaropvolgende nasaal met die oor onderskeie nie.

327. Waar in Soeloe nasalering beperk is tot klanknabootsing en in Frans tot 'n viertal vokale (ξ , α , \bar{a} en \bar{o}), is die verskynsel baie meer verbreid in Afrikaans. Dit is ewenwel baie moeilik om reëls te gee vir die nasalering van klinkers in Afrikaans, want nie alleen is daar onderlinge verskille tussen individuele sprekers en tussen spraakgebiede nie, maar ook maak een en dieselfde spreker soveel uitsonderinge dat dit byna onmoontlik is om te formuleer.

328. By die bespreking van die nasalering van die Afrikaanse klinkers sal die volgende inaggeneem word:—

(i) Verskil te maak tussen gewone woorde en kultuurwoorde, en tussen die gewone omgangstaal en die versigtiger skryfstyl.

(ii) Aparte woorde los van woordgroepe te bespreek en dan te vergelyk.

(iii) Waar twyfel bestaan, maar liever die konserwatiewe standpunt te handhaaf.

329. *Reël I.*—Kultuurwoorde ondergaan in die reël geen nasalering nie: ɔnsəmpatik *onsimpatiek*, ənstantɦoudəŋ *instandhouding*, ɑ:nfɑŋklək *aanvank'ik*.

330. *Reël II.*—(a) As 'n vokaal of diftong + alweolêre nasale konsonant + die een of ander frikatief in 'n woord voorkom, of in die spraakverband kom te staan aan die ent van een woord en die begin van 'n ander, dan word die vokaal of diftong genasaleer, gewoonlik met verlenging daarvan, terwyl die nasale konsonant verdwyn.

(b) Alle vokale van laag tot middellaag word genasaleer in die posiesie soos aangegee in (a). By middelhoë en hoë vokale bestaan daar verskil in verskillende streke en ook by verskillende persone. In hierdie gevalle bestaan 'n sterk neiging om nie te nasaleer nie. In hierdie verband moet met twee faktore rekening gehou word: (1) dat daar betreklik min woorde bestaan waar die middelhoë en hoë klinkers, veral die laaste, in die vereiste posiesie voorkom; (2) dat dit organies moeiliker is om by hierdie klinkers te nasaleer as by die oper klinkers.

(c) Onder die reël val ook die triller r, wat dieselfde veranderinge laat ontstaan as die frikatief. Die triller het dan ook baie gemeen met die frikatief.

(d) Onder hierdie reël val ook die halfvokaal j, wat in sommige gevalle as stemhebbende frikatief voorkom.

331. *Reël III.*—Wanneer in 'n woord of woordgroep 'n letter-greep of woord op die alveolêre nasaal uitgaan en die volgende sillabe of woord met 'n vokaal begint, en die klem dra, of die klem op die lettergreep of woord met nasaal val, dan word die vokaal voor die nasaal genasaleer. Waar die klem nie volgens reël val nie, geskied daar geen nasalering nie.

332. Die algemene reëls is van toepassing op woorde as sulks en op woordgroepe, hoewel in die laaste geval dikwels nie nasaleer word nie, ofskoon die reël dit vereis.

Voorbeelde:—

(a) Woorde

<i>Reël II.</i>		(Volgens vokale.)		
ī:	dī:sbo:də	<i>diensbode</i>	ū:	vū:sdax <i>Woensdag</i>
	martī:s	<i>Martiens</i>		pū:skəp <i>poenskop</i>
	sī:sveisə	<i>sienswyse</i>	ō:	adō:s <i>Adoons</i>
ē:	ē:sɑ:m	<i>eensaam</i>		skō:stə <i>scoonste</i>
	tē:sput	<i>teenspoed</i>	ō:	xō:s <i>gons</i>
	vē:s	<i>weens</i>		rənō:s <i>renons</i>
ē:	svartvətp̄	<i>swartwitpens</i>	ā:	xā:s <i>gans</i>
	ē:s			stəfā:s <i>Stefaans</i>
				balā'se:r <i>balanseer</i>
ī:	prō:s	<i>prins</i>	ē:	ē:stə <i>einste</i>
ō:	lō:srim	<i>lunsriem</i>	ī:	tī:ēs <i>toiens</i>
ō:	tō:s	<i>Teuns</i>	ō:	nō:ēs <i>nooiens</i>
	lō:(ē)s	<i>leuens</i>	ōy	skōy:s <i>skuins</i>

(Volgens konsonante.)

n + f:	lā:fər	<i>lamfer</i>	n + x:	ō:xəlœk <i>ongeluk</i>
	krā:fo:l	<i>kraanvoël</i>		ā:xəbrant <i>aangebrand</i>
n + v:	ō:vrəkba:r	<i>onwrikbaar</i>		ē:x(ç)e: <i>ingee</i>
	tē:vo:rdəx	<i>teenwoordig</i>	n + j:	ē:ja: <i>inja</i>
n + s:	sā:s	<i>saans</i>		fāja:r <i>vanjaar</i>
	eiōskap	<i>eienskap</i>	n + h:	əhɑ:ləx <i>inhelig</i>
n + r:	ā:rɑ:kəŋ	<i>aanraking</i>		
	ē:reix	<i>inryg</i>		
	ō:rœs	<i>onrus</i>		

Vorme soos **ma:nskein** *maanskyn*, **sənsənrəxəŋ** *sonsondergang*, **mans** *mans*, **sø:ns** *seuns*, ens., mag nie as uitsonderinge beskou word nie. Die afwesigheid van nasalering is toe te skrywe aan die bestaan daarnaas van die grondwoord, met behoud van die **n**, m.a.w. **mans** word nie **mā:s** nie, vanweë die vorm **man**, ens. By samestellinge kan egter ook hier nasalering gehoor word, bv. **sō:sənrəxəŋ** en waarskynlik selfs 'n vorm soos **sō:s**.

Opm.—Let daarop dat **a** by nasalering sonder verlenging tōg > **ā**: bv. **fāja:r**.

(b) Woordgroepe :

sī:-fərskein	<i>sien verskyn of sinferskein</i>
tī¹:-sko:tə	<i>tien skote</i>
mētē:s sin-ēi di beibəl	<i>meteens sien hy die Bybel.</i>
fā-ha:r xəho:r	<i>van haar gehoor</i>
ā-so:ā-xəfal	<i>in so'n geval</i>
da:(r)fā-xəhou	<i>daarvan gehou</i>
ā-sta:təxə himnə fā-rəəs	<i>'n statige himme van rus en van</i>
ē-fā-fre:də	<i>vrede</i>

Reel III.

ā'axne:m	<i>inagneem</i>	fā-'əmbō:rləŋə	<i>van inboorlinge</i>
ā-'əlke:n	<i>aan elkeen</i>	ē-'o:ral's	<i>en orals</i>
'ō:ɛrfa:rə	<i>onervare</i>	'xā:e:n of 'xē:e:n of xā'e:n	<i>(naas natuurlik xā'e:n) geeneen</i>

Opm. 1.—By nasalering ondergaan die vokaal gewoonlik verlenging, wat aan lengte van vokaal plus lengte van nasaal gelykstaan, soos instrumenteel deur die kimograaf bewys word.

Opm. 2.—Die l -klank is gewoonlik nie die oorsaak van nasalering nie, soos wel die geval met r is. Ons sê: **mā:nlax** maanlig, **pəinlək** pynlik, ens.

Opm. 3.—In enkele gevalle word die vokaal ook genasaleer wanneer die velere nasaal die alweolere frikatief voorafgaan, soos in **lā:s langs**, **pləyō:s pluiings**, **tōi:əs toings**.

Opm. 4.—In Frans verander die vokale in kwaliteit by nasalering: die vokaal kry 'n laer tongstand, 'n soort van verdonkering van kwaliteit. In Afrikaans is die verandering in kwaliteit nie so merkbaar nie, omdat die uitspraak alreeds baie ongespanne is. a gaan egter > a, vgl. die opmerking hoërop.

333. 'N moeilike punt en een waaroor al baie gedebatteer is, is die uitspraak van die onbepaalde lidwoordjie 'n. Daar is vier moontlikhede, n, ə, ā(:), ən en əm.

(1) Gewoonte is om die ə nie by die woordjie waarop dit betrekking het te voeg nie, maar by die woordjie wat dit voorafgaan: bv. **hei-t-ə pak xəkrēi hy het 'n pak gekry**, **hei-s-ə skələm hy is 'n skelm**.

(2) ā(:): **ā-dusein kənərs 'n dosyn kinders**, **ā-bici 'n bietjie**, **so:ā-kē:rəl so 'n kērel**.


(3) ən: **ən orlo:si 'n oorlosie**, **ən o:rstro:məŋ 'n oorstroming**, **ən da:xləksə xəbø:rtənəs 'n daaglikse gebeurtenis**.

(4) əm, dog alleen voor bilabiale konsonante: **əm-pa:r 'n paar**.

Dis 'n moeilike punt hierdie en een wat nog grondig ondersoek moet word. Deels hang die verskillende moontlikhede van die posiesie af, bv. watter klank volg en of dit staan in 'n lettergreep met hoofklem of nie. Vir 'n groter gedeelte hang die uitspraak waarskynlik af van die streek in kwessie. Van die vier moontlikhede is ə seker die algemeenste, vir sommige waarskynlik die enigste.


¹ Die blote feit dat *tien* telwoord is het ten gevolge dat by die groot meerderheid hier geen nasalering en verdwyning van n plaasvind nie.

Opm.—Natuurlik moet die lidw. 'n nie verwar word met die voors. *in* of die voegw. *en* nie, welke laaste twee uitgespreek word as *ən*, *ē* (:), *ŋ* of *ēn*, al na die geval : *kəm ən kom in*, *ē-sēi sak in sy sak*, *ek ŋ jēi ek en jy*, *pē:rsəs ən bontəs perses en bontes*.



Tek. 9.—Nederlandse vokaalkaart.¹

i(:) mit <i>miet</i> , mi:r <i>mier</i> .	a: da:gə <i>dagen</i> .
y(:) minyt minuut, zy:r <i>zuur</i> .	ɑ pɑs <i>pas</i> .
e: be:st <i>beest</i> .	ɔ kɔst <i>kost</i> .
ø: krø:n <i>kreun</i> .	ð dðm <i>dom</i> .
è pèt <i>pit</i> .	o: bo:s <i>boos</i> .
ɛ mæt <i>met</i> .	u(:) rut <i>roet</i> , bu:r <i>boer</i> .
æ døen <i>dun</i> .	ə bərəl <i>borrel</i> .



Tek. 10.—Engelse Vokaalkaart.¹

i: si:n <i>seen</i> .	ɔ: sɔ: <i>saw</i> .
ɪ brɪ <i>bit</i> .	ʌ bʌt <i>but</i>
ɛ² pɛn <i>pen</i> .	o kould <i>cold</i>
æ mæt <i>mat</i> .	ʊ pul <i>pull</i> .
ɑ maɪ <i>my</i> .	u: fu:d <i>food</i>
ɑ: kɑ: <i>car</i> .	ə bitə <i>bitter</i> .
ɒ lɒŋ <i>long</i> .	ɜ: bɜ:d <i>bird</i> .

¹ Opgestel deur die outeurs van hierdie werk.

² Oorgeneem uit Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, met vriendelike toestemming van Prof. Jones.

³ Sommige fonetisiese gebruik e i.p.v. ε.